Hoofstuk 88 Die oorweldigende Gebeurtenis / Surah Al-Ghashiyah

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Op die oordeelsdag sal daar twee groepe mense wees: die gelowiges en die ongelowiges, en die uitdrukkings op hul gesigte sal verskillend wees.

1. Het jy al voorheen 'n beskrywing gehoor van die Oorweldigende Gebeurtenis: die Opstanding en Oordeelsdag?

2. Op daardie dag sal baie gesigte 'n neerslagtige, mismoedige, en vernederde nederige uitdrukking hê,

3. omdat hulle so hard gewerk het en hulself heeltemal uitgeput het in hul pogings om deur middel van hul opregte aanbiddingsdade die goedkeuring en aanvaarding van Allah te verkry, net om uit te vind dat dit vals was en nie aanvaarbaar en beloningswaardig is nie,

4. Hulle sal die onvergelykbaar skroeiende warm vuur binnegaan.

5. Hulle sal verplig wees om water te drink uit 'n kokende fontein.

6. En daar sal vir hulle geen lekker eetbare kos wees nie, behalwe iets soos die doringrige plant bekend as die: “dari”, 'n doringrige, stinkende, giftige gras wat op grondvlak groei (en wat net Allah weet hoe dit in die Hel sal groei.)

7. wat nie enige voedingswaarde sal hê of hul honger sal stil nie anders as die aardse: “dari” wat hier darem deur die Kamele geëet word en waarvan hulle nogal vet en gesond is.

8. Maar dan sal daar ook op daardie dag baie gesigte wees vol van uitdrukkings van glansende betowering

9. en intense tevredenheid met dit wat hulle bereik het deur hul geestelike strewes* en pogings, (*K47:31)

10. in 'n verhewe tuin,

11. waarin hulle nie uitsprake van ongeloof, nuttelose en ydele gesprekke, lelike taal, lastertaal, skinderstories, valse beskuldigings, of praatjies wat mense se gevoelens seermaak, sal hoor nie. (K56:25)

12. In die tuin is daar 'n lopende fontein.

13. In die tuin is daar verhewe rusbanke,

14. en drinkbekers wat by die water staan net gereed vir drink

15. en 'n verskeidenheid netjies gerangskikte kussings

16. en oopgespreide matte.

17. So, sien hierdie ongelowige Woestyn Arabiere wat heeldag by hul diere en in die oopte tussen hemel en aarde beweeg dan nie die kamele en hoe uniek dit geskape is nie, met die vermoë om self kos te vind, 'n watervoorraad vir tot agt dae te stoor, bene met twee knieë wat dit instaat stel om te sit sodat die ruiters kan opklim, 'n swaardravermoë, die vermoë om heelnag in die woestyn te kan stap, 'n sagte geaardheid en vele ander goddelik gegewe kenmerke,wat 'n vertoning is van die almag en alwysheid van die Skepper daarvan,

18. en die hemelruim en hoe uitgestrek dit is nie,

19. en na die berge en hoe vas dit staan nie,

20. en na die aarde en hoe uitgesprei dit is nie?

21. So Mohammed, hou aan om te preek: jy is slegs 'n prediker en dit is waar jou verantwoordelikheid eindig.

22. Jy is nie 'n bestuurder wat oor hulle aangestel is nie,

23. maar wie ook al wegdraai en ongelowig is moet weet dat,

24. Allah sal so iemand straf met die grootste pyniging.

25. Dit is 'n feit dat hulle na Ons sal moet terugkeer,

26. en dan is dit Ons taak om hulle tot verantwoording te roep.